



Stigtingsjaar 1909

12 September 2016

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydlike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

PERSVRYSTELLING (Vir onmiddellike vrystelling)

MILJOENEPLAN VIR BEURSE: STUDIE IN AFRIKAANS

Tientalle studente op meesters- en doktorsgraadvlak van oral in Suid-Afrika het aansoek gedoen om befondsing van hulle studie deur die medium van Afrikaans. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat 'n beurseplan bekendgestel het vir studente wat hulle gevorderde studie in enige vakrigting in Afrikaans wil onderneem, is oorval met aansoeke, het die uitvoerende hoof van die SA Akademie, dr. Dionē Prinsloo, gesê. Beurse tot 'n maksimum van R120 000 vir voltydse doktorsgraadstudente en R60 000 vir Meestersgraadstudente is verlede jaar vir 2016 toegeken. Vanjaar se aansoeke vir 2017 is byna verdubbel en by die sluitingsdatum (einde Augustus) is aansoeke ten bedrae van meer as R6 miljoen ontvang.

Die feit dat soveel senior studente in allerlei vakrigtings van 'n verskeidenheid universiteite in Afrikaans wil studeer, bevestig weer eens die behoefte wat bestaan vir Afrikaans op universiteite. Universiteitbesture se neigings om Afrikaans uit te sluit of af te skaal – soos wat die Universiteit van die Vrystaat se taalplan wat in die Hooggeregshof gestuit is, ingehou het – is roekeloos en kortsigtig en teenproduktief. Dit lyk of universiteite vreesagtig toegee aan die taal- en ander eise van 'n minderheid anargisties georiënteerde studente wat gebou aan die brand steek en miljoene rande se skade aanrig, het dr. Prinsloo gesê. Daar word vergeet van die derduisende studente wat ongesteurd wil studeer, hetsy deur die medium van Afrikaans of Engels. Dit word hoog tyd dat universiteite kragdadiger teen oproerige studente optree, volgens dr. Prinsloo. Die Regering behoort hierby 'n sterker standpunt in te neem en universiteite in dié verband te steun.

Die SA Akademie is verras met die getal aansoeke wat die beursbegroting ver oortref. Die Akademie gaan poog om soveel as moontlik verdienstelike studente te help. Enige Suid-Afrikaanse student kan vir die Akademie se beurse kwalifiseer. Die enigste kontraktuele vereiste is dat die uitkoms van sy of haar studie in Afrikaans moet wees.

Vakrigtings waarin studente op gevorderde vlak wil studeer, sluit die volgende in: Opvoedkunde, Regte, Biochemie, Tale (verskeie rigtings), Beeldende Kunste, Handelswetenskappe (verskeie rigtings), Drama, Teologie, Chemiese Ingenieurswese, Geskiedenis, Filosofie, Chemie en Toerisme. Aansoeke het ingekom van Unisa, Universiteit van Pretoria, Universiteit Stellenbosch, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Universiteit van Kaapstad, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit van Johannesburg, Noordwes-Universiteit en die Sol Plaatjie Universiteit. Aansoeke om die beurse het einde Augustus gesluit.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte
Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953
E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za